

Fakulteit AgriWetenskappe se keuringsriglyne en toelatingsbeleid vir nuweling eerstejaarstudente

1 Inleiding

'n Keuringsproses word gevolg om 'n inskrywingsteiken van 370 nuweling eerstejaars vir die 2018-inname jaar, waarvan 40% (teen 2020) diversiteitskandidate moet wees, te bereik.

Die 370 studente sluit in:

- Hoofstroom- en Verlengde Graadprogram (VGP) studente
- 290 Stellenbosch studente en 80 BAgric studente by Elsenburg.

50 plekke is beskikbaar vir studente in die verlengde graadprogramme. Voorkeur sal aan studente gegee word wat 'n ontoereikende skoolagtergrond het.

Die inname van studente vir die programme BSc Voedselwetenskappe en BScAgric (Veekundige Wetenskappe) word beperk.

2 Aansoeke

Aansoeke sluit 30 Junie van die voorafgaande jaar van studie. Laat aansoeke kan tot 30 September oorweeg word, MAAR toelating is onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke in die Fakulteit en die program.

Slegs volledig voltooide aansoeke sal oorweeg word.

Eerste, tweede en derde keuse aansoekers sal oorweeg word vir voorwaardelike toelating, uitgesonderd die programme BSc in Voedselwetenskap en BScAgric (Veekundige Wetenskappe) waar slegs eerste en tweede keuse aansoekers oorweeg word.

3 Toelating

Graad 12 leerdere: In die geval van voornemende studente wie nog op skool is, sal die Graad 11 punte (Desember uitslae) vir voorwaardelike toelating en keuring gebruik word.

Aansoekers wie reeds matrikuleer het: Die amptelike Graad 12 punte sal vir voorwaardelike toelating en keuring gebruik word. Aansoekers moet in besit wees van 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skoleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (OER) soos gesertifiseer deur Umalusi, of, in die geval van voornemende studente met ander skoolkwalifikasies, 'n matrikulasievrystellingssertifikaat uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Matrikulasieraad.

'School of Tomorrow' aansoekers: Voornemende studente wie vanuit die 'School of Tomorrow' skoolstelsel kom, se finale toelating sal bepaal word deur prestasies behaal in die Nasionale Normtoetse (NNT's) – waar sodanige student die NSS eksamens afgelê het, sal die NSS-uitslae gebruik word. 'n Brief in hierdie verband sal aan aansoekers gestuur word.

Ander skoolkwalifikasies: Voornemende studente wie met internasionale skoolkwalifikasies aansoek doen, se Wiskunde-, Chemie- en Fisika punte moet vergelykbaar wees met die vereiste NSS (Graad 12) standaard. Wiskunde, Chemie en Fisika op IGSC/GCSE/NSSC OL/O-vlak, kwalifiseer nie vir toelating nie. Alle navrae rakende Internasionale kwalifikasies moet gerig word aan die US Internasionale Kantoor (Tel 0218082565, E-mail interoff@sun.ac.za).

Nasionale Normtoetse (NNT's): Dit is verpligtend vir alle studente om die NNT's te skryf. Die NNT's sal gebruik word om ingeligte besluite rakende toelating vir spesifieke individue, veral ten opsigte van plasing in die VGP, te maak. Studente word aangeraai om die NNT's af te lê voor die einde van Augustus.

3.1 Universiteitstoelating

Vir universiteitstoelating moet aansoekers aan die volgende vereistes voldoen:

- In besit wees van 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skoleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (OER) soos gesertifiseer deur Umalusi met toelating tot baccalaureusgraadstudie, wat vereis dat 'n vlak van minstens 4 (50-59%) in elk van vier aangewese universiteitstoelatingsvakke verwerf moet word, of 'n matrikulasievystellingertifikaat uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Matrikulasieraad indien 'n anders skoolkwalifikasie verwerf is
- Die Nasionale Normtoetse (NNT's) skryf

3.2 Minimum toelatingsvereistes tot hoofstroomprogramme

Benewens die vereistes in 3.1. vereis toelating vir die grade BScAgric*, BScBosb (Bosbou- en Natuurlikehulpbronwetenskappe)*, BScBewEkol, BSc Voedselwet en BAgricAdmin 'n minimum van:

- 'n Gemiddeld van 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4 (50%)
- Wiskunde 5 (60%)
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 4 (50%)

*Vir die program BScAgric met Grondkunde en Chemie as hoofvakke:

- 'n Gemiddeld van 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4 (50%)
- Wiskunde 6 (70%)
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 4 (50%)

*Vir die program BScBosb (Hout- en Houtprodukkunde):

- 'n Gemiddeld van 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4 (50%)
- Wiskunde 6 (70%)
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 5 (60%)

Vir die program BAgric, soos aangebied deur Elsenburg:

- 'n Gemiddeld van 55% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4 (50%)
- Wiskunde 4 (50%) OF Wiskundige Geletterdheid 5 (60%)
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 4 (50%) OF
- Lewenswetenskappe 4 (50%) OF
- Landbouwetenskappe 4 (50%)

3.3 Minimum toelatingsvereistes tot 'n Verlengde graadprogram (VGP)

Enige aansoeker wie voorwaardelik tot 'n hoofstroomprogram toegelaat is, mag versoek om oorweeg te word vir 'n VGP. Aansoekers kan op grond van sy/haar skoolprestasie en/of die resultate van enige assessering of toets, ingesluit die NNT's, deur die Fakulteit aanbeveel of verplig word om 'n betrokke VGP te volg.

Voornemende studente wie voorwaardelik op grond van Graad 11 punte tot hoofstroomprogramme toegelaat is, maar wie se finale NSS- of OER-uitslae nie aan die minimum toelatingsvereistes van die betrokke hoofstroomprogram voldoen nie, kan 'n versoek rig vir toelating tot 'n VGP indien aan die volgende vereistes voldoen word:

Vir die VGP in die programme BScAgric*, BScBosb (Bosbou- en Natuurlikehulpbronwetenskappe)*, BScBewEkol, BSc Voedselwet en BAgricAdmin:

- 'n Gemiddeld van 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4 (50%)
- Wiskunde 4 (tussen 55% en 59.9%)
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 3 (tussen 45% en 49.9%)
- NNT tussen 33% en 47%

*Vir die VGP BScAgric met Grondkunde en Chemie as hoofvakke:

- 'n Gemiddeld van 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4 (50%)
- Wiskunde 5 (tussen 60% en 69.9%)
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 3 (tussen 45% en 49.9%)
- NNT tussen 33% en 47%

*Vir die VGP BScBosb (Hout- en Houtprodukkunde):

- 'n Gemiddeld van 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4 (50%)
- Wiskunde 5 (tussen 60% en 69.9%)
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 4 (tussen 55% en 59.9%)
- NNT tussen 33% en 47%

4. Die keuringsproses

- Keuring geskied suiwer op grond van akademiese meriete.

- Voldoening aan die minimum toelatingsvereistes van die program waarvoor aansoek gedoen word, waarborg NIE keuring NIE.
- Sodra voorwaardelike toelating toegestaan is, sal 'n aansoeker 'n brief in hierdie verband ontvang.
- 'n Student kan slegs vir een program by die US voorwaardelik aanvaar word. Indien 'n student bv aanvaar is vir sy/haar 2de keuse, sal die voorwaardelike aanvaarding (vir die 2de keuse) verval as die student ook suksesvol is in sy/haar 1e programkeuse.
- Vir alle programme (uitsluitend BSc Voedselwet, BScBosb (Hout- en Houtprodukkunde) en BScAgric met Grondkunde en Chemie) sal studente met 'n NSS / Graad 11 gemiddeld van 65% en hoër en 'n Wiskunde punt van 65% en hoër onmiddellik oorweeg word vir voorwaardelike toelating tot die program. Studente met 'n laer gemiddeld en Wiskunde punt, maar wie steeds aan die minimum vereiste van 'n 60% gemiddeld en 60% vir Wiskunde voldoen, sal op 'n wagglys geplaas word en oorweeg word tydens die Junie, Augustus en Oktober keuringsronndtes. Die NNT resultate sal in aanmerking geneem word in die keuring.
- Vir die program **BScBosb (Hout- en Houtprodukkunde)** sal studente met 'n NSS / Graad 11 gemiddeld van 65% en hoër en 'n Wiskunde punt van 70% en hoër onmiddellik oorweeg word vir voorwaardelike toelating tot die program. Studente met 'n laer gemiddeld, maar wie steeds aan die minimum vereiste van 'n 60% gemiddeld voldoen, sal op 'n wagglys geplaas word en oorweeg word tydens die Junie, Augustus en Oktober keuringsronndtes. Die NNT resultate sal in aanmerking geneem word in die keuring.
- Vir die program **BScAgric met Grondkunde en Chemie** sal studente met 'n NSS / Graad 11 gemiddeld van 65% en hoër en 'n Wiskunde punt van 70% en hoër onmiddellik oorweeg word vir voorwaardelike toelating tot die program. Studente met 'n laer gemiddeld, maar wie steeds aan die minimum vereiste van 'n 60% gemiddeld voldoen, sal op 'n wagglys geplaas word en oorweeg word tydens die Junie, Augustus en Oktober keuringsronndtes. Die NNT resultate sal in aanmerking geneem word in die keuring.
- Vir die program **BSc Voedselwet** sal studente met 'n NSS / Graad 11 gemiddeld van 70% en hoër en 'n Wiskunde punt van 65% en hoër onmiddellik oorweeg word vir voorwaardelike toelating tot die program. Studente met 'n laer gemiddeld, maar wie steeds aan die minimum vereiste van 'n 60% gemiddeld en 60% vir Wiskunde voldoen, sal op 'n wagglys geplaas word en oorweeg word tydens die Junie, Augustus en Oktober keuringsronndtes. Die NNT resultate sal in aanmerking geneem word in die keuring.

5. Keuringskomitee

Keuring word deur 'n keuringskomitee, soos saamgestel deur die dekaan van die fakulteit, gedoen. Alle besluite rakende keuring word deur die dekaan bekragtig voordat dit aan kandidate gekommunikeer word en is dus 'n finale besluit. Alle navrae rakende die keuringsproses en uitkomst daarvan word deur die Fakulteitsekretaris hanteer.